NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 17 OKTOBER 2021

## EEN EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

## SKOOLVERLATERS EN MATRIKULANTE

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Markus 10:35-45; Job 38:1-7, 34-41**
**Psalm 104:1-9; Hebreërs 5:1-10**

| SONDAG, 17 OKTOBER | |
|---|---|
| PREDIKANTE WAARDERINGSONDAG | |
| BIDDAG VIR GESONDHEIDSDIENSTE | |
| 09:00 | Oggenddiens in Kerk – ds Hannes Burger |
| | Geleentheid vir Skoolverlaters |
| | Belydenisaflegging |
| | Deuroffer ten bate van: Hospivision |
| 09:00 | Kinderkerk |
| | Erediensspan 2 – Lorraine Louw |
| **Geen** | Aanddiens |
| 18:00 | Senior Kategese |
| **MAANDAG, 18 OKTOBER** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 19 OKTOBER** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Manne Bybelstudiegroep in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 20 OKTOBER** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |

| DONDERDAG, 21 OKTOBER | |
|---|---|
| 09:30 | Dienssentrum vir Seniors – Marimba Band<br><br>Sopbeurte: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit, Irma van Schalkwyk, Hannelie van der Westhuizen |
| **VRYDAG, 22 OKTOBER** | |
| | |
| **SATERDAG, 23 OKTOBER** | |
| | |
| **SONDAG, 24 OKTOBER** | |
| | TWEE EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD |
| 09:00 | Oggenddiens in Kerk – Nagmaal |
| 09:00 | Kinderkerk<br>Erediensspan 1 + 3 – Chris en Johan<br>Deuroffer ten bate van: Aksie Samaritaan |
| **Geen** | Aanddiens |
| 18:00 | Senior Kategese |

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die leraars se landlyne werk nie meer nie. Kontak die kerkkantoor om hul selfoonnommers te kry.

# GEMEENTENUUS

1. Marie de Wit (Othello) ondergaan mediese toetse.
2. Johan Nel (Brackenfell) is steeds ernstig siek in die hospitaal. Ons bid vir 'n spoedige herstel.
3. Dr Emile Reid het 'n operasie ondergaan en sterk by die huis aan.
4. Hendrik Gouws (van Bruggen straat) sukkel tans baie met sy gesondheid en was die afgelope week in die hospitaal.
5. Mariëtte Smook (Othello) het 'n noodoperasie ondergaan en sterk tans aan by die huis.



# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

17/10 Christa Smit, Andriëtte Moolman, Petro Thom
18/10 Suzanne Kruger, Frans de Bod, Adéle Fourie, Neelah Fourie, Karli Schreuder
19/10 Magda Janse van Vuuren, Daniel Ochse, Renita Nieuwoudt
20/10 Lika Herholdt, Reshé Visser
21/10 Dienie du Plooy, Cisca Deutschmann, Koekie Pretorius, Gerard Filies, Anneke Engels
22/10 Lize-Ann du Plooy, Jan Vermaak, Petri Marais
23/10 Tarina Esterhuysen, Jacques Triegaardt, Winfred Tiller, Sonja Nel



# EREDIENSTE

In terme van die nuwe vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 750. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450.
Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 8:55 en sal dus die voorsang en aankondiginge insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Tans is daar nog **nie aanddienste nie**, ons sal jul ophoogte hou van enige verandering.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

# VANDAG SE DEUROFFER

## HOSPIVISION (HOSPITAALBEARBEIDING)

Hospitaalbearbeiding versorg gemeentes se lidmate en hulle familie tydens ernstige krisisse – medies en emosioneel – in die hospitale en in spreekkamers in die Kaapse Skiereiland en in George en Mosselbaai.

Bid asseblief vir die hospitaalleraars, asook vir die pastorale hulpberaders, sowel as ons vele vrywillige pastorale hulpwerkers. Mag God hul daagliks sterk en bemagtig om Sy troos en liefde aan lidmate in hul nood oor te dra. Lidmate kan ook betrokke raak deur self van ons kursusse by te woon en hulle dienste aan te bied.

# DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

***Alle voorrade is tans baie laag***



Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

# NUUS VANUIT DIE GETUIENISAKSIE

Ons sê baie dankie vir almal wat so gereeld klere na die gemeente se klerebank bring. Die klere word wyd en syd versprei na behoeftige persone.

Daar is tans 'n behoefte veral **KINDERKLERE EN -SKOENE**.

Bring gerus na die kerkkantoor.

# NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Ek gee graag terugvoer rakende September se syfers:

| | Julie 2021 | Augustus 2021 | September 2021 |
|---|---|---|---|
| Totale inkomste | 348 498 | 301 563 | 294 300 |
| Totale uitgawes | 257 454 | 286 920 | 280 147 |
| Surplus / (Tekort) | 91 044 | 14 643 | 14 153 |

Gedurende September was ons totale inkomste so bietjie laer as in Augustus, maar dieselfde geld vir ons totale uitgawes, wat ons steeds met 'n surplus van R14 153 vir die maand laat. Daarvoor is ons oneindig dankbaar.

September se syfers is aangehelp deur die Ken jou Kerk kompetisie wat deur die B en D blokke geloods is, wat 'n totaal van R26 600 ingebring het.

Groete tot volgende maand,
Elmari

# BUITELIGDIENS

7 November 2021 – 09:00
Almal word na die buiteligdiens te AVALON genooi wat op 7 November 2021 om 09:00 plaasvind. Bring weer 'n piekniekmandjie saam sodat ons na die erediens saam kan kuier.

# BELYDENISKLAS 2021

Baie dankie aan almal wat vanjaar se belydenisklas gelei en ondersteun het, in besonder ds Hannes, ds Chris, ouers en voogde.

Dankie ook aan die kantoorpersoneel vir hulp en ondersteuning.

# NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Ons jaarlikse Tiendemaand Dankofferinsameling vind plaas op Sondag, 31 Oktober.

Die koeverte word tans versprei. Kontak jou blokleier of kerkkantoor indien jy nie ’n koevert ontvang nie.

Jy kan benewens ’n bydrae per koevert, jou bydrae ook op ander maniere gee – daar is ’n briefie met volledige besonderhede in die koevert.

# NUWERUS BASAAR

23 Oktober 2021

Nuwerus Gemeente nooi De Eike se lidmate om saam met hulle basaar te hou.

Julle word uitgenooi om die naweek saam te gaan geniet.

Kontak vir Franci op 082 891 2384 indien jy wil saamgaan.

# WYNVEILING

Ons is dankbaar en tevrede. Wynveiling 2021 was ‘n groot sukses. Dankie aan elkeen wat deel was van die beplanning, organisering en suksesvolle uitvoering daarvan.

Daar is tans VAT5 wyne beskikbaar wat te koop aangebied word. Hierdie is ‘n unieke geleentheid om van hierdie uitstekende wyn in die hande te kry. Dis is ‘n eenmalige geleentheid wat nie deur jou hande kan glip nie.

750 ml VAT5 teen R400 per bottel<br>
Magnum VAT5 ten R1000 per bottel

Kontak die kerkkantoor.

# AKSIE SAMARITAAN KERSFEES-PROJEK




Die sopkombuis is gesluit vanaf 16 Desember 2021 tot 17 Januarie 2022. Dit is 'n lang tyd om sonder kos te wees vir die haweloses wat daagliks afhanklik is van die sopkombuis om in hulle kosnood te voorsien. Ons probeer elke jaar om tydens ons afsluiting 'n basiese kospakkie aan ons kliënte te voorsien om hulle by te staan gedurende hierdie tyd. Ons begroot op 150 kospakkies maar daarvoor het ons julle hulp nodig. Die koste van 'n kospakkie beloop R650. Daar is dan twee opsies beskikbaar hoe jy 'n hawelose kan borg. Jy kan die kontant verskaf of jy kan self die kospakkie opmaak uit die onderstaande lys wat verskaf word. Groepe kan ook saam een of twee haweloses borg.

Die afsluiting word gehou op 16 Desember 2021. Alle kospakkies of gelde moet asb teen vrydag 10 Desember 2021 verskaf wees.

Indien jy bereid is om 'n hawelose te borg kontak gerus vir Jacomina Swart by 0824533862 vir verdere besonderhede.

LYS VAN ITEMS IN KOSPAKKIE:

2kg Rys 2,5kg Suiker 1 pak macaroni 1 pak soup mix 500g koffie
1kg mieliemeel 450g weetbix 1 pakkie(25) teesakkies 500ml olie 1 pakkie cremora
1 boksie cup-a-soup 2 blikkies bullibeef sout 2 blikkies sardientjies 2 blikkies gemengde groente 2 blikkies baked beans 1 pakkie koekies 1 groot pak chips 1kg koekmeel
5 pakkies 2min noodles 1 bottel aanmaak koeldrank 2 boksies soya mince 1kg waspoeier

Ons wil dit 'n spesiale geleentheid maak en is ook op soek na skenkings van 3 skape, alles in tjops, wat ons graag wil braai tydens die kersafsluiting.

Ons soek ook 30 persone wat elkeen 'n kind kan borg om 'n spesiale kerspakkie op te maak. Koste hiervan beloop R300. Kontak ons asb as jy dalk met enige van die versoeke kan help.

Artikel 18A sertifikate kan verskaf word en erkenning kan ook gegee word op ons facebook bladsy vir enige donasies ontvang.

Donasies kan inbetaal word in die volgende rekening: Aksie Samaritaan, Absa Bank, tjekrekening nommer 4089388257, verwysing - Kersfees

Mag die Here jou bereidwilligheid en diensbaarheid seën!

# PREEKSKETS

**TEMA - DIE VERSOEK VAN JOHANNES EN JAKOBUS**

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: MARKUS 10:35-45

Loflied – lied 207:1
Uitstuurlied – lied 492:1

Dis maklik om mense te veroordeel!
- Jy lees in die Bybel die storie van Judas Iskariot.
- Hy het net besluit Jesus is tog nie wat hy wil hê nie...
- En hierdie twee broers (en hulle ma!): Hoe kon hulle só verkeerd verstaan?

1. **Tog praat die Bybel nie net negatief oor hulle nie!**
- Hulle het geglo: dat Jesus geen gewone mens is nie.
  dat God se koninkryk op hande is.
- Gelowige kerkmense: hulle het al iets gesnap i.v.m. die Evangelie!

2. **Maar tog verstaan hulle nog nie**.
- Die verkeerde goed is vir hulle belangrik.
- Dis net baie duidelik dat hulle Jesus eintlik nog glad nie ken nie.
- En die ander 10: ewe ontsteld - maar waaroor? Eintlik wou húlle die ereplek self hê!
  Hulle dink nog aards...
  Dis die nederiges, die kinders, aan wie die koninkryk behoort...

3. **En dit bring die Bybel by my en jou uit**.
- En ek en jy? Hoeveel verstaan ons werklik van wie Jesus is?
- Ons staan dalk vanoggend hier voor die kansel en sê “Ja!”
- Maar wys ons optrede nie dalk dat ons min benul van die Evangelie het nie?
- En daarom is die vraag van Mark. 10: Ken jy *regtig* vir Jesus?
- Wie IS Jesus nou eintlik? Hy is die Dienaar: kom ons leer dien.
- As jy regtig groot wil wees, moet jy almal se dienaar wees.

-oOo-